Basiese Rekenkundige beginsels

Top Previous Next

U "boeke' word in twee groepe verdeel:

- 1. Inkomste- en Uitgawestaat

  Debiteer Uitgawes Krediteer Inkomste

- 2. Balansstaat

  Debiteer Bates Krediteer Laste en Eienaarsbelang/Kapitaal

Die basiese rekenkundige vergelyking is:

Bates = Laste + Eienaarsbelang

Die Eienaarsbelang sluit in die Netto effek van die Inkomste- en Uitgawestaat (Wins of verlies).

Ons program maak ook gebruik van die dubbele boekinskrywing formaat. Dit beteken vir elke debiet moet daar 'n ooreenstemmende krediet wees. U boeke moet dus altyd balanseer.

Die netto effek van u bedrywighede (Inkomste en Uitgawe), is u Netto Wins. Uit die skets hieronder sal u dus sien dat u boeke 'n krediet saldo sal wys indien u 'n Wins maak. Die kredietsaldo word gewoonlik in boekhouding tussen hakkies geplaas, bv. (R59 990.00). Dieselfde geld natuurlik vir die laste en Eienaarsbelang ook. Uitgawes en Bates het gewoonlik debietsaldo's en word sonder hakkies aangedui.

Skematiese voorstelling van watter items gedebiteer of gekrediteer word, volg hieronder. Hierdie voorstelling dui aan hoe die betrokke item vermeerder (toeneem in waarde). Vermindering van die item vind in die teenoorgestelde kolom plaas.

Inkomste- en Uitgawestaat

Top Previous Next

Wat is u onderneming se bestaansreg?

- U onderneming bestaan deurdat u 'n produk of diens aan iemand anders teen vergoeding lewer. Hierdie aksie staan bekend as die **Verkoop** van u produk of diens.

Die **Inkomste- en Uitgawestaat** verteenwoordig die handelstransaksies wat u gedurende die jaar aangegaan het om u produk of diens te verkoop. Die netto effek bepaal dan of u 'n wins of 'n verlies gemaak het.

Soos u aan die naam kan aflei, word die Inkomste- en Uitgawestaat ook weer in twee verdeel, nl. die Inkomste deel en die Uitgawe deel. Elkeen word in meer detail hieronder bespreek.

INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT

Verkope
-Koste van Verkope
_____
=Bruto Wins
_____
-Administratiewe Uitgawes
-Waardevermindering
-Verkoopsuitgawes
-Algemene Uitgawes
-Bedryfsuitgawes
_____
=Netto Wins / Verlies voor Rente en Belastings
_____
-Rente
-Belastings
_____
Netto Inkomste/Uitgawe
_____

Inkomste

Top Previous Next

Inkomste behels die verkoop van 'n produk of diens wat u verskaf.

Per definisie word Inkomste **gekrediteer** in u boeke wanneer dit **vermeerder**. Om Verkope te verminder, moet dit dus gedebiteer word. (Die teenoorgestelde van krediet).

Die persone/ondernemings aan wie u op krediet verkoop, word 'debiteure' genoem. Hulle word dan ook in die debiteureregister opgeneem sodat u onderneming boek kan hou wie u geld skuld.

Kontantverkope:	Dt Bank	Kt Verkope
Op Rekening Verkope:	Dt Debiteur	Kt Verkope

Die banke verdeel die inkomste as volg:
1. Boerdery Inkomste
   Hierdie syfer wys wat u verkope van u boerderybedrywighede is.
2. Kapitaal Inkomste
   Hierdie syfer bestaan uit die verkoop van bates.
3. Ander Inkomste
   Alle ander inkomste resorteer hier.



Uitgawes

Top Previous Next

Die Uitgawe deel verteenwoordig al die uitgawes aangegaan om u produk of diens te verkoop en te bemark.

Alle koste aangegaan in die huidige finansiële jaar, word hier verteenwoordig. Indien 'n uitgawe oor meer as 1 jaar strek, word die item eerder onder die Laste deel van die Balansstaat vertoon, bv huurkope.

Uitgawes vind gewoonlik of per onmiddellike betaling of op rekening plaas. Die persone/ondernemings by wie op krediet koop, word 'krediteure' genoem. Hulle word dan ook in die krediteureregister opgeneem sodat u onderneming boek kan hou aan wie u geld skuld.

Uitgawes word **gedebiteer** wanneer u dit aangaan/**vermeerder**. Die krediet kant is gewoonlik of Bank (kontant) of 'n krediteur (op rekening). Indien u terugsendings het, is die transaksie net andersom.



Balansstaat

Top Previous Next

Die **Balansstaat** is 'n weerspieëling van u finansiële situasie soos bereken op 'n bepaalde datum. Hierdie datum is gewoonlik die laaste dag van die finansiële jaar.

Die Balansstaat toon u **welvaart** aan. Dit is bloot ‘n lys van al u bates en laste (verpligtinge). Moenie ‘n hoë inkomste met welvaart verwar nie. Iemand met ‘n hoë inkomste kan ook baie skuld hê. Gevolglik is sy welvaart nie so groot nie. Welvaart word bepaal deur die mate waarmee jou bates jou laste(verpligtinge en skuld) oortref. Gevaartekens om na op te let:

* U laste is groter as u bates. U is dan eintlik bankrot.
* U laste is groter as 75% van u bates. Dit is nou moontlik dat die rente betalings verhoed dat u kan vorder met die skepping van u welvaart. U mag dalk van u bates moet verkoop om u skuld te delg.
* U gebruik (langtermynlenings) laste om u bedryfskoste te betaal.

Daar is ook so-iets soos ‘goeie’ skuld. Wanneer u skuld aangaan om iets aan te koop wat ‘n hoër opbrengs as die rente op die skuld bedrae, dan klassifiseer dit as ‘goeie’ skuld.

Die Balansstaat bestaan ook uit 'n paar afdelings:

a. Bates
c. Laste
d. Banke
e. Kapitaal of Eienaarsbelang

Elkeen van hierdie afdelings word in meer detail hieronder bespreek.



Bates

Top Previous Next

Bates verteenwoordig al die middele wat u gebruik om u produk/diens daar te stel. Hierdie middele se leeftyd strek gewoonlik oor etlike jare en word nie in een jaar opgebruik nie.

Die Bates word in u Balansstaat vertoon. Gewoonlik word die mins likiede bates eerste gewys en die mees likiede bates, laaste. "Likied" (vloeibaar) beteken hoe gou die item in geld omgeskakel kan word.

'n Bate word **gedebiteer** om dit te **vermeeder** en *gekrediteer* om dit te *verminder*.

Voorbeeld:

BALANSSTAAT:

BATES:

1. Vaste Eiendom
- *a. Boerdery grond*
- *b. Geboue op plaas insluitend woonhuise*
- *c. Erwe en nie-boerdery grond*
- *d. Vakansiehuis en -woonstelle*

2. Vaste Bates
- *a. Produksie bates*
- *b. Ander vaste bates*
- *c. Passasiersvoertuie en motorfietse*
- *d. Boerdery-karavane en vliegtuie*

e. Kantoormeubels en -toerusting
f. Private vaste bates
3. Beleggings
a. Genoteer
b. Ongenoteer
c. Beleggings by Banke, bv. geldmarkfonds, vaste deposito's, ens
d. Ledefonds by Kooperasie
4. Bedryfsbates
a. Voorraad
b. Lewende hawe op hande
c. Debiteure
d. Vooruitbetaalde uitgawes
e. Daggeldbeleggings
f. Belasting vooruitbetaal
g. Kontant op hande



Laste

Top Previous Next

Laste dui aan op die manier waarop u die onderneming finansier.

Die Lates word in u Balansstaat vertoon. Gewoonlik word die mins likiede laste eerste gewys en die mees likiede laste, laaste. "Likied" (vloeibaar) beteken hoe gou die item in geld omgeskakel kan word.

'n Las word **gekrediteer** om dit te **vermeeder** en *gedebiteer* om dit te *verminder*.

Voorbeeld:

BALANSSTAAT:

LASTE:
1. Langtermynlaste
a. Verbande
b. Lantermynlenings
c. Huurkope
d. Produksielenings
2. Bedryfslaste
a. Handelskrediteure
b. Kooperasie
c. Uistaande betalings
d. Onbetaalde uitgawes
e. Uitstaande Belasting
f. Korttermynlenings



Banke

Top Previous Next

Die Bank toon u kontantvloei situasie aan.

Die Bank word ook in u Balansstaat vertoon. Hierdie rekening kan op een van twee plekke op u Balansstaat verskyn. Indien die saldo positief (swart) is, word dit as 'n Bedryfsbate gewys. Indien die saldo negatief (rooi) is, word dit as 'n bedryfslas hanteer. Ons noem dit ook 'n oortrokke bankrekening.

Die Bank word **gedebiteer** om dit te **vermeeder** en *gekrediteer* om dit te *verminder*.

Voorbeeld:

BALANSSTAAT:

BATES:
4. Bedryfsbates
a. Banke

OF

LASTE:

2. Bedryfslaste
a. Oortrokke bank



Eienaarsbelang

Top Previous

Die Eienaarsbelang verteenwoordig die aandeel wat die eienaar(s) alreeds in die onderneming ingeploeg het.

Die Eienaarsbelang word ook in u Balansstaat vertoon.

'n Eienaarsbelang item word **gekrediteer** om dit te **vermeeder** en *gedebiteer* om dit te *verminder*.

Voorbeeld:

BALANSSTAAT:

LASTE:
1. Langtermynlaste
- *a. Verbande*
- *b. Lantermynlenings*
- *c. Huurkope*
- *d. Produksielenings*

2. Bedryfslaste
- *a. Handelskrediteure*
- *b. Kooperasie*
- *c. Uistaande betalings*
- *d. Onbetaalde uitgawes*
- *e. Uitstaande Belasting*
- *f. Korttermynlenings*

3. Eienaarsbelang
- *a. Kapitaal*
- *b. Opgehoopte Wins/verlies*
- *c. Persoonlike Trekkings*